

Wit Donderdag

Fokusteks Johannes 13:1-17, 31-35

9 April 2019

Dit wat gelees word is in swart, YouTube links is in blou, instruksies is in donkerrooi en hoofskrifte in Grys.

Vooraf

Vanaand is die begin van een lang erediens wat oor drie dae strek en Sondagoggend afgesluit word. Daarom begin ons vanaand met 'n seëngroet, maar die seën (aan die einde) word eers op Paassondag uitgespreek.

'n Wit Donderdag erediens is 'n deelnemende erediens waar ons as gemeenskap van gelowiges saam aan die tafel kom sit soos Jesus en sy dissipels saam aan die tafel gesit het vir die laaste maal. Daarom nooi ek julle om hierdie erediens ook om die etenstafel te doen. Ons gaan nagmaal saam gebruik so skink ook 'n glasier wyn of sap. Ter herdenking van Jesus se laaste Pasgamaaltyd saam met sy dissipels gaan ons probeer om dit so nou as moontlik na te volg. Skink daarom 'n groot genoeg glas wyn of sap, sodat jy vier keer daaruit kan drink (die Jode drink tradisioneel 'n volle glas wyn na elke lesing). Die liturgie is so saamgestel dat ons dit saam kan doen, al is ons elkeen by ons eie huis.

Psalm 116, wat ons deurentyd na gaan luister en/of sing, is deel van die Hillel - presies dieselfde wat Jesus en sy dissipels gesing het toe die nagmaal vir die eerste keer ingestel is.

Daar is videos tussendeur die geskrewe liturgie. U kan die videos enige tyd "pause" en vir 'n oomblik stilraak. Dit is moontlik om die videos geheel en al te los en net die geskrewe liturgie te volg. Liturgie beteken "die werk van die mense" en is bedoel om deelnemend te wees, daarom is nie al die liturgie op video nie. Ek hoop om u op hierdie manier uit te nooi om nie net 'n toeskouer te wees nie, maar 'n deelnemer.

Kry dalk ook 'n bak met water en seep reg (Hierdie sou ook by 'n wasbak kon gebeur). Kry ook solank die brood en wyn/druiwesap reg vir die nagmaalviering.

Inleiding

(Op die video is die Inleiding, Aanvangslied, Aanvangswoord en Seëngroet)

Wit Donderdag video 1 <https://youtu.be/Y0t2GbwLAOA>

Ons kom vanuit verskillende belewenisse na hierdie diens toe. Vir my was dit 'n dolle gejaag om alles klaar te kry, bietjie soos elke Groot Lydensweek en Paasnaweek en tog anders. In

die voorbereiding op Paasnaweek het die lockdown my eers werklik getref, want skielik moes ek liturgië skryf wat in wese deelnemend is, maar ons gaan slegs oor afstande heen saam met mekaar hieraan kan deelneem.

Ek mis die teenwoordigheid van ander lywe saam met my in die liturgiese ruimte, ek mis die liturgiese ruimte, ek mis die nagmaaltafel en ek mis die vooruitsig daarvan om saam met familie en vriende te wees. Wat mis jy? Wat moes jy opgee van die paasnaweekvieringe wat vir jou spesiaal is?

En tog is daar ook goed waarvoor ek dankbaar is. Waarvoor is jy dankbaar in hierdie “lockdown” tyd? In die gejaag het die maak van die video ons as gesin gedwing om saam aan tafel te eet - iets wat hopeloos te min gebeur, dit was vir ons almal goed en lekker. Vir die maak van die boodskap moes ek werklik stil raak en dink oor wat die teksgedeeltes vir my sê in hierdie tyd van lockdown. So is ek gedwing om te dink oor lockdown en dit nie net te maak werk nie. Ek is dankbaar om te sien hoe die besef by almal insink dat kerk nie gekoppel is aan ‘n erediens of selfs ‘n gebou nie, maar dat ons kerk kan wees waar ons is en dat ons uitgedaag word om nou kerk te wees op nuwe kreatiewe maniere. Ek is dankbaar dat ons vanaand saam nagmaal kan gebruik en hoe verskillende etenstafels (ook ‘n paar skinkborde) nou “nagmaaltafels” word. Dit laat my opnuut die “heiligheid” van die alledaagse besef, want God is in die alledaagse by ons en God se teenwoordigheid verander die alledaagse in die heilige. Mag jy op ‘n spesiale manier God se teenwoordigheid vanaand in jou en by jou ervaar.

Aanvangslied

Lied 390:1,2,4 Ons kniel hier aan u voete neer

Ons kniel hier voor u voete neer
 en hoor die hemelkore:
 hul loof en prys en roem u eer
 oor ons, eens so verlore.

U liefde is onpeilbaar groot,
 ontsien nie om te ly nie.
 Geen kruis stuit U, geen vloek,
 geen dood
 om sondaars te bevry nie.

Tot priesters deur u bloed gewy,

is al ons skuld vergewe.
 U maak ons konings, heel en vry,
 om tot u eer te lewe.

Aanvangswoord

Een: Kom laat ons saam tot Jesus nader, Hy wat gehoorsaam was tot die dood. Ja, die dood
 aan die kruis.

Almal: Amen

Seëngroet

Genade en vrede vir julle van God die skepper en onderhouer wie se liefde vir ons geen
 einde het nie en in die naam van Jesus Christus, ons Verlosser, wat ons skuld gedra het en
 in die naam van die Heilige Gees wat in ons woon en ons nuut maak.

Lofprysing

Luister die Taizé-lied: [We Adore You Lord Jesus Christ \(Taizé\)](#)

(Een persoon kan die lofprysingslitanie hardop voorlees of almal kan dit saam sê)

Prys die Here, ons God, die ewige Koning!

**Hy het vir ons sy enigste Seun, Jesus die Messias,
 gestuur as Lig vir die wêreld en as ons Paaslam.**

Deur Hom mag ons lewe.

Musiek

Luister Liedboeklied 202 in Engels [Crown Him with many crowns](#)

of sing saam met orrelbegeleiding: [Crown Him With Many Crowns Tune Diademata All
 Saints Church Oystermouth Swansea](#)

Lied 202:1-3 Prys Hom, die Hemelvors

Prys Hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon;
 loof Hom aan Wie die hemelkoor hul hulde steeds betoon.
 Aan Hom, die Skepperheer, kom toe die eer en mag.
 Sy Woord het alles voortgebring - roem ewig sy gesag.

Loof Hom, die Lam van God, want Hy's vir ons geslag.
 Hy het ons met sy bloed gekoop; besing sy reddingsmag.
 Uit elke stam en taal het Hy ons vrygemaak;
 sy koninkryk, sy priesterdom - dít het Hy ons gemaak.

Lof, eer en heerlikheid, die wysheid en die krag
 behoort aan God daar op die troon en aan die Lam, geslag.
 Tot in die ewigheid sal ons die lied laat hoor;
 die hele skepping oraloor roep "Amen" in 'n koor.

Wil van God

Die "Wil van God", Ps 116:1-2, die "Verootmoediging" en Lied 393 is op die video

Wit Donderdag video 2 <https://youtu.be/OvuoA8Vhhos>

Lees Deuteronomium 6:4a & Matteus 22:37-40:

Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.

Musiek

Psalm 116:1-2 "God het ek lief"

God het ek lief, omdat Hy my verhoor.
 Ek was beangs; het na my geluister.
 Toe ek Hom roep vanuit die dood se duister.
 "Heer, red my tog"; het Hy my stem gehoor.

God is genadig, Hy hoor my gebed.
 Aan hulpeloses bied Hy sy ontferming.
 Die magtelose vind by Hom beskerming.
 Hy is regverdig, Hy het my gered.

Verootmoediging (Voorgelees deur Amaryne Buys & Luané McClachlan)

Een: Genadige God, ons het U nie liefgehad met ons hele hart, en met ons hele siel en met al ons krag en met ons hele verstand nie.

Almal: Here, ontferm U oor ons.

Een: Liefdevolle Here, ons het ons naaste nie liefgehad soos U ons geleer het nie.

Almal: Christus, ontferm U oor ons.

Een: Hemelse Vader, ons het nie in volle oorgawe aan U gelewe nie.

Almal: Here, ontferm U oor ons.

Een: Mag die Here genade aan ons betoon. Mag Hy ons vergewe in sy troue liefde. Mag Hy aan ons vrede gee.

Almal: Amen.

Musiek

Lied 393:1-2 Middelpunt van ons verlange

Middelpunt van ons verlange,
 U bring rus in ons gemoed!
 Jesus, met ons dankgesange
 loof ons steeds u liefdegloed!
 Op ons diepbedorwe aarde
 het U, Heiland, neergedaal
 en vir elke skuldbeswaarde
 met u kosbaar bloed betaal.

Jesus, al u angs en smeking,
 eensaam in Getsemane -
 dit was liefdevol bereken
 om ons ware rus te gee.
 Heer, U het, gedring deur liefde,
 self die kruis vir ons gedra.
 En U sterf - die Sondelose -
 in ons plek op Golgota.

Gebed

Doen 'n eie gebed voor jy/julle uit die Bybel lees.

Skriflesing

Lees Eksodus 12:1-28 Die instelling van die paasfees.

Skriflesing 2

Lees Johannes 13:1-17, 34-35 Jesus was die dissipels se voete

Kindertyd:

Lees die verhaal van Jesus wat die dissipels se voete was uit julle Kinderbybel of luister na dit hier, soos voorgelees uit “God se kinders: Verhale uit die Bybel”:

<https://youtu.be/WVCTQJkVutk>

Vir ‘n kreatiewe vertelling van die verhaal, soos vertel vanuit Petrus se perspektief, luister na hoofstuk 1 van [Peter's First Easter - Read Aloud](#) by Walter Wangerin & Tim Ladwig

Oordenking

(Die oordenking kan geluister of ge lees word)

Wit Donderdag video 3 <https://youtu.be/qllgkusW034>

Jesus was sy dissipels se voete en stel so vir ons ‘n voorbeeld van diensbaarheid. Om Jesus te volg is om te dien. Christenleiers is dienende leiers. Christus se diens vat dit egter daardie stappie verder. Christus kies om te dien deur voete te was. Voetewas was die werk van die slawe. In die eer en skaamte kultuur van daai tyd beteken dit dat Jesus sy eer ingeboet het en sosiale skande op homself geneem het deur die diens te verrig. Jesus dien nie net nie, Jesus verneder homself om te dien. Dikwels wanneer ons dien is dit top down, die wat het gee vir die wat nie het nie, die wat kan doen vir die wat nie kan nie. Jesus kies ‘n vernederende grillerige werk om te wys hoe lyk diens. Om werklik te dien vat iets van jou, jy offer iets van jouself op om te dien. Maar dan kom Jesus en vat dit nog ‘n stappie verder. Jesus was ook Judas, wat hom gaan verraai, se voete en volgens Matteus weet Jesus Judas hom gaan verraai en steeds verneder Jesus homself willens en wetens voor Judas en was sy voete. Jesus dien die persoon wat hom gaan verraai.

In Jesus se kruisiging wys hy vir ons die “ultimate” diens, deur sy lewe vir ons af te lê, sy lewe vir die wêreld af te lê.

Die dissipels reageer verskillend op Jesus se voetewas, meeste ontvang die geskenk van Jesus wat hulle dien, Judas maak dit goedkoop deur Jesus te verraai later daai aand. Petrus sukkel om dit net te ontvang. Dit is vir hom te veel dat Jesus dit doen vir hom.

Om versorg te word om te dink dat jy versorging nodig het, dat iemand jou dien, om onverdiende guns en seën te ontvang is vir baie van ons baie moeilik. Vir baie mense is dit makliker om te dien as om gedien te word. Vir sommige gaan dit oor beheer, oor die opgee

van beheer. Sommige is dalk te trots. Maar die oorgrote meerderheid kere is dit mense wat nie dink hulle is dit werd om bedien te word nie, hulle sal eerder dien.

Dit is dalk hoekom baie mense sukkel met die gereformeerde teologie met die sterk klem op genade. Om te glo jy is uit genade alleen gered, dat niks wat jy doen kan bydra daartoe nie, sukkel baie mense mee. Dit is maklik om dit te sê, maar om vanuit dit te leef is baie moeilik. Ons wil baie graag iets doen vir ons redding, om net terug te sit en te ontvang is amper ondenkend.

Terwyl ons egter self probeer en nie toelaat dat Christus ons dien met sy redding nie, kan ons nie deel hê aan Christus nie. Om deel te hê aan Christus is om alle beheer op te gee en te glo dat jy sal dryf in die genade van God se verlossing in en deur Christus.

Ek sien iets van hierdie sukkel om te glo dat God ons onvoorwaardelik in Christus vergewe het in mense se reaksie op die Koronavirus. Ek sien boodskappe wat sê dat hierdie is 'n straf van God en ek sien oproepe om nagmaal 2x 'n dag te gebruik en daar is nog ander.

Wanneer ons glo dat God ons uit genade alleen deur Christus alleen gered het, kan ons maar rus in die wete dat God in Christus die wêreld verlos het. Christus het ons straf gedra, ons is vrygespreek en verlos.

Ons lees in 2 Korintiërs 5:16-19

Gevolgtik ken ons van nou af niemand meer na sy uiterlike nie. Selfs al het ons Christus eens na die uiterlike leer ken, ken ons Hom nou nie meer so nie. Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan — kyk, hulle het nuut geword. En dit alles kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen het en aan ons die bediening van die versoening gegee het. Dit bestaan daarin dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle nie hulle oortredinge toe te reken nie; en Hy het aan ons die boodskap van versoening toevertrou.

Ons hoef niks te doen om God se genadige verlossing te verdien nie ook nie nou nie. Ons taak is wel om dienende bedienaars van die boodskap van die versoening te wees.

Die verstommende grootheid van God se liefde, genade en vergifnis soos gewys aan die kruis, is dat dit ook vir Judas, wat hom verraai het insluit. Jesus was ook Judas se voete, Jesus oortuig ook vir Petrus dat dit nodig is om sy voete te was en Jesus sterf ook vir hulle en ook vir elkeen wat soms sukkel om te glo dat ons God se redding soos sigbaar gemaak in Christus nie kan verdien nie, maar net kan ontvang.

Laat dus toe dat God se seën hierdie Paasnaweek oor jou spoel, jou skoonwas, jou nader trek en jou tot rus laat kom aan die voet van die kruis en daarna in die leë graf. Dan sal jy in hierdie tyd 'n ontmoeting met die lewendige, gekruisigde, opgestane Christus hê. Wees bewus van God se seën wat jy reeds ontvang het.

Ek sluit af met 'n gedig deur Jan Richardson, Blessing you cannot turn you back.

Blessing You Cannot Turn Back***For Holy Thursday***

As if you could
stop this blessing
from washing
over you.

As if you could
turn it back,
could return it
from your body
to the bowl,
from the bowl
to the pitcher,
from the pitcher
to the hand
that set this blessing
on its way.

As if you could
change the course
by which this blessing
flows.

As if you could
control how it
pours over you—
unbidden,
unsought,
unasked,
yet startling
in the way
it matches the need
you did not know
you had.

As if you could
become undrenched.

As if you could
resist gathering it up
in your two hands
and letting your body
follow the arc
this blessing makes.

—Jan Richardson

Voete-/Handewasritueel

As jy alleen is: Tap 'n bak lekker warm water, was jou hande en speel sommer net met jou hande in die water. Na die tyd pamperlang jou hande deur dit met lekker room in te smeer. Terwyl jy dit alles doen, raak bewus van God wat in jou is en wat jou deur hierdie handeling seën.

Waar word jy bewus van God terwyl jy so besig is met jou hande?

Op watter manier ervaar jy God se seën in die handeling?

Waar het jy die afgelope week God se seën ervaar?

Op watter maniere word jy uitgedaag om toe te laat dat ander jou dien of seën?

Wat hou jou dalk terug om hierdie seën te ontvang?

Hoe kan jy ander seën/dien in die week wat kom?

Gesels met God hieroor.

As jy saam met ander is: Tap 'n bak lekker warm water en was iemand anders se hande/voete. Terwyl julle so mekaar se hande en voete was vertel vir mekaar:

Waar het jy die afgelope week God se seën ervaar?

Op watter maniere word jy uitgedaag om toe te laat dat ander jou dien of seën?

Wat hou jou dalk terug om hierdie seën te ontvang?

Hoe kan jy/julle ander seën/dien in die week wat kom?

Bid vir mekaar.

Diens van die tafel

Kry vooraf die brood en wyn/druiwesap reg en sit dit op die tafel

(Op die video is Matteus 26, die verhaal vir die kinders, Lied 303 sowel as die volledige laaste maaltyd ritueel)

<https://youtu.be/mfAgTktj9Rg>

Skriflesing 3:

Lees Matteus 26:17-20, 26-30

Vir die kinders: Lees die verhaal van Jesus en sy dissipels wat saam eet uit 'n Kinderbybel of luister na die verhaal, soos oorvertel in "God se kinders: Verhale vir kinders" deur Aartsbiskop Desmond Tutu, hier

https://youtu.be/_zhYrAA7unw

Musiek

Sing saam met Lied 303 Eet die brood, drink die wyn (op die video)

Eet die brood, drink die wyn.
Kom na Christus, Hy stil u honger.
Eet die brood, drink die wyn.
Glo in Hom en Hy les u dors.

Of luister na:

[Eat This Bread](#) en/of

“Jesus Christ, bread of life” <https://www.youtube.com/watch?v=mPRtfFg9aFA&t=36s>

Eerste beker: die beker van heiliging

Die eerste beker, is die beker van heiliging.
Prys die Here, ons God, die ewige Koning!
Hy is die Een wat die vrug van die wingerd voortbring.

(Almal vat 'n sluk van die wyn/druiwesap.)

(Tradisioneel word die vraag deur die kinders gevra en die antwoorde deur die ouers gegee. Die voorlesing word deur die De Lange gesin gedoen.)

Kinders: Waarom is hierdie aand anders as al die ander aande?

Ouer 1: Ons was in Egipte die farao se slawe,
en die Here het ons daar deur sy magtige daede bevry
toe Hy voor ons oë tekens en groot wonderdade gedoen het.
Op hierdie aand dink ons terug aan daardie nag
toe die Here ons gered het uit die mag van Egipte.

Ouer 2: Ons was ook slawe van die sonde.
Maar God het aan ons genade bewys.
Deur die bloed van sy Seun Jesus Christus is ons verlos
en is ons oortredinge vergewe.
Op hierdie aand dink ons terug aan daardie nag
toe die Here Jesus oorgelewer is om vir ons te sterwe.

Musiek

Psalm 116:3 “Waar u my trane...”

Waar U my trane nou beëindig het,
moet ek my in u goeie guns verlustig.
Ek moet nou onbekommerd
wees en rustig.

Van dood en struikeling is ek gered.

Tweede beker: die beker van danksegging

Die tweede beker wat ons drink,
is die beker van danksegging
Ons drink dit as 'n danksegging
vir God se verlossingsdade.
Neem, drink en dank God vir
die verlossing wat Hy vir ons bewerk het.

Prys die Here, die ewige Koning!
Hy het ons trane in gelag verander,
ons smart in vreugde.

(Almal vat 'n sluk van die wyn/druiwesap.)

Musiek

Psalm 116:4 “Ek het in U steeds...”

Ek het in U steeds my geloof behou,
selfs toe my moed en
krag my wou begewe.
Sodat ek U kan dien, kon ek bly lewe.
Op U alleen, o God, kon ek vertrou.

Die brood

Die Here Jesus het in die nag
waarin Hy oorgelewer is brood geneem
en nadat Hy God daarvoor gedank het,
het Hy dit gebreek en gesê:
“Dit is my liggaam, dit is vir julle.
Gebruik dit tot my gedagtenis.”
Neem, eet, dink daaraan en glo
dat die liggaam van ons Here Jesus Christus
gebreek is tot volkome versoening van al ons sondes.

(Almal eet van die brood.)

Musiek

Psalm 116:5 “Van God se redding...”

Van God se redding wil ek nou getuig.
Wat bied ek Hom vir al sy wonderdade?

Ek roem Hom voor
sy volk vir sy genade.

Ek sal my offers bring
en voor Hom buig.

Derde beker: die beker van verlossing

Na die maaltyd het die Here Jesus
die derde beker geneem en gesê:
“Hierdie beker is die nuwe verbond
wat deur my bloed beseël is.
Gebruik dit elke keer as julle daaruit drink,
tot my gedagtenis.”

Prys die Here ons God, die ewige Koning!
Hy is die een wat ons verlos.

Neem, drink, dink daaraan en glo
dat die bloed van ons Here Jesus Christus
gestort is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

(Almal vat 'n sluk van die wyn/druiwesap.)

Musiek

Psalm 116:6 “Ek sal getrou...”

Ek sal getrou U met my lewe dien.
Ons dood sien U as
geen geringe saak nie
Het U, o Heer, my dan
nie vrygemaak nie?
Juis in my nood het U my raakgesien.

Vierde beker: die beker van Elia

Die vierde en laaste beker rig ons oë na vore,
na die wederkoms van Christus.

Mag dié dag spoedig kom.

Prys die Here ons God, die ewige Koning!

Neem, drink en leef vanuit die verwagting
dat die Here Jesus spoedig weer sal kom.

(Almal vat 'n sluk van die wyn/druiwesap.)

Musiek

Psalm 116:7 “Voor almal sal ek Hom...” (Sanger Anna du Plessis)

Voor almal sal ek Hom my dank bewys.
 Ek sal voor God my hou by my beloftes,
 en ek betaal Hom altyd my geloftes.
 Daar in sy huis sal ek die Here prys.

Slotgebed

Here Jesus, waar ons op nuwe maniere vanaand aan u tafel wat regoor die wêreld strek, aansit, bring ons dank aan U dat u die God is wat vandag, gister en môre altyd dieselfde is. U liefde, genade en vergifnis staan vas.

Ons wil U vanaand dank vir... (noem dinge waarvoor jy vir God wil dankie sê)

Dit is egter vir ons sleg om so verwyderd van ons geliefdes te moet wees, ons weet daar is baie mense wat vanaand eensaam is, mense wat siek is, mense wat bekommerd is daaroor of hulle kos gaan hê om te eet môre. Ons dink spesifiek aan...

(noem mense wie jy aan God wil opdra)

Ons bid ook spesifiek vir almal wat in hierdie tyd hulle gesondheid op die spel plaas sodat ons veilig kan bly. Ons dink aan mediese personeel, noodpersoneel, mense wat basiese behoeftes vervaardig en verkoop. Ons dink spesifiek aan...

(noem mense wie jy aan God wil opdra)

Here, ons weet lock down is vir almal se beswil, maar ons is bekommerd oor...

(noem dinge waaroor jy bekommerd is).

Ons plaas egter ons vertroue op U, kom ons ongeloof tegemoed. Daarom bid ons nou soos wat U ons geleer het:

Ons Vader wat in die hemel is,
 laat u Naam geheilig word;
 laat u koninkryk kom;
 laat u wil ook op die aarde geskied,
 net soos in die hemel.
 Gee ons vandag ons daaglikse brood;
 en vergeef ons ons oortredinge
 soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;
 en laat ons nie in versoeking kom nie,

maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk
en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.